# WERKKAART 5
# MODULE 4

**Voltooi die volgende vrae.**

Lees "Geen wette vir 4-wielers kwel" op bladsy 82-83.

1. Die volgende woorde kom in die teks voor. Maak 'n sin met die homoniem van elke woord.
   a) kan (paragraaf 1)
   b) was (paragraaf 2)
2. Skryf die basis van elk van die volgende woorde neer.
   a) bekommerd
   b) lewensgevaarlike
   c) beseerde
   d) gemiddelde
   e) vasgery

Lees die teks "Help! Ek word geboelie" op bladsy 85.

3. Skryf een koppeltekenwoord uit die teks neer.
4. Kyk na die volgende sin: *Boelies maak ander mense seer.*
   a) Wat is die gesegde?
   b) Wat is die voorwerp?
   c) Wat is die onderwerp?

Lees "Vyf maniere om jou selfvertroue terug te kry" op bladsy 90.

5. a) Skryf een stelsin uit die teks neer.
   b) Skryf een bevelsin uit die teks neer.
   c) Soek die sinoniem vir "blaps" in die teks.
   d) Soek die antoniem vir "anders" in die teks.
   e) Brei die volgende sin uit na 'n saamgestelde sin toe: *Sannie is hulpvaardig*.

Lees "Goeie maniere is die sleutel tot sukses" op bladsy 92.

6. Skryf 'n deeltekenwoord neer wat in die teks voorkom.
7. Gee die verkleining van die volgende woorde:
   a) land
   b) sleutel
   c) mense
   d) hart
8. Maak 'n sin met die woord *maar* se homofoon sodat die betekenis duidelik is.

Lees die fabel "Die vos en die druiwe" op bladsy 95.

9. Skryf die deeltekenwoord neer wat in die teks voorkom.

10. Skryf die meervoude van die volgende woorde neer:
   a) tuin
   b) muur
   c) wingerd

11. Brei die eerste sin uit na ʼn saamgestelde sin.

12. Kyk na wat die woord "weer" in die konteks van die fabel beteken. Gebruik nou die homoniem van *weer* in ʼn goeie sin.

Lees die fabel "Die noordewind en die son" op bladsy 96.

13. Gee die meervoud van die woorde tussen hakies.

> Almal wil hê hulle (pa) en (oupa) moet die sterkste wees. Die (mens) moenie teen die natuur probeer meeding nie. Al is die (radio) en (TV) deur die mens ontdek, bly die natuur die sterkste.

14. Voltooi die volgende sinne:
   a) My pa is so sterk soos ʼn . . .
   b) Soms lyk sonstrale so geel soos . . .

15. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.
   a) Die man is (baie sterk) en sy (baie swart) baadjie trek almal se aandag.
   b) Die seun was tydens die windstorm (baie bang) en het gaan skuil.
   c) Die mense op die strand was (baie verbaas) toe die son skielik uitkom en hulle (baie rooi) brand.